Met dank aan almal wat 'n bydrae gelewer het tot die nuusbrief. Sonder julle samewerking sou dit nie moontlik wees om hierdie nuusbrief uit te gee nie.


Karen Grobler 082 597 8550
André Kritzinger 084 613 2462






# Suidkerk

## Nuusbrief 2016/2



# Pitkos



**<u>Swaarde word ploegskare!</u>**
Miga 4:1–7


(Uittreksel uit die 40-Dae-Gebedsgids vir versoening)

In die hartjie van die hel het hulle 'n monument opgerig. Aan die agterkant van die muur van Jerusalem is die vallei van Gehinnom. Dis die plek waar hulle in Bybelse tye die stad se afval weggegooi het, waar die vure aanhoudend gebrand het en waar honde en aasvoëls die lyke van misdadigers wat na hul teregstelling daar gegooi is, verskeur het. Die vallei was so skrikwekkend dat die mense die woord "hel" van Gehinnom afgelei het. Daar staan vandag 'n vreemde struktuur.

In die 1948-oorlog het soldate van Israel en Jordanië bloedige gevegte in die vallei gevoer. Weereens het die vure gebrand en bloed gevloei. Toe die vrede herstel is het die inwoners van Jerusalem besluit om dié struktuur (monument) te bou, om vir mekaar en vir die wêreld te sê: Genoeg is genoeg! Ons wil in vrede met ons bure lewe.

Van ver af lyk dit snaaks, amper soos 'n groot spinnekop of 'n seekat met arms en tentakels wat na alle kante toe uitsteek. As jy nader stap, sien jy wat dit regtig is: Aan die een kant van die struktuur steek 'n klomp oorlogsinstrumente uit: geweerlope, ammunisiebande, 'n kanonloop en 'n mortierbuis. In die middel word alles saamgebondel en saamgesmelt om aan die ander kant vredesinstrumente te word: 'n ploegskaar, snoeimesse, 'n hooivurk, 'n trekkerstuurwiel.






In ons kerkjaar-vieringe het ons onlangs Lydenstyd en Goeie Vrydag gevier. Dieselfde naweek was ook Paassondag (opstanding). Paastyd strek dan tot Hemelvaart. Na Hemelvaart begin Pinkster wat duur tot Pinkster Sondag (10 dae later).


Paassondag en Pinkstersondag het die twee dae geword wat die oudste en belangrikste seisoen in die Christelike kalender omraam het. Dis 'n periode van vyftig dae.

Wat vier ons met Pinkster?
Op Pinkstersondag vier die kerk die uitstorting van die Heilige Gees toe tonge van vuur en die gawe om in ander tale te praat oor die dissipels gekom het. Die dissipels is op daardie dag met blydskap vervul en is kragtig in beweging gebring om die goeie nuus van Jesus se opstanding die wêreld in te dra. Ons kan amper sê dat die kerk op Pinkstersondag gebore is. Pinksterdag is dus die "verjaarsdag van die kerk".

'n Duif, tonge van vuur of 'n afwaartse pyl kan die Heilige Gees se koms simboliseer. Kleure wat gepas is vir Pinkster is rooi en goud (tonge van vuur).

OM TE WEET: Ons het 'n opdrag om deur ons getuienis die boodskap van God se redding uit te dra. Ons dink ook opnuut aan die gawes van die Gees. Die gawes is 'n getuienis van die Gees se teenwoordigheid en werking in jou lewe.

# 'n Lofgedig



Die graad 8's ontvang die opdrag om 'n lofgedig te skryf. Sommige het oor hulle hond, hulle pa of hulle sportheld geskryf. Hierdie gedig is deur 'n graad 8 seun oor God geskryf.

<u>My Wonderlike Koning.</u>

Daar is mense wat wonder: wie is nommer een?
Maar hulle weet nie, dis Hy wat hulle elke dag ondersteun.
Hy is één met die Vader en die Heilige Gees,
Maar tog kom Hy aarde toe in die menslike vlees.
Van 'n Baba gebore in Bethlehem
Tot 'n Koning vir Wie ek beslis sal stem.

Hy is groot, sterk en almagtig,
Maar ook liefdevol en vir almal barmhartig.
Iemand wat vrede oor die wêreld uitsaai -
dan is daar dié wat Hom steeds sal verraai.
Daar is dié wat Hom met liefde vereer,
Dan is daar ander wat nie eers by sy dood wou treur.

Hy het toe op die kruis vir ons gesterf
En so al ons sondes toegeverf.
Maar ná drie dae het Hy weer opgestaan
En met sy wonderwerke aangegaan.
Toe, na veertig dae, het Hy opgevaar
Waar Hy 'n plek vir my en jou bewaar.

Staan nader vriende, vertrou op Hom,
Want dit is Hy wat besluit of jý mag kom.





Op die voetstuk staan Miga se woorde gegraveer: "Hulle sal van hul swaarde ploegskare smee en van hul spiese snoeiskêre. Die een nasie sal nie meer die swaard teen die ander opneem nie en hulle sal nie meer leer om oorlog te maak nie".

Dis waarvoor ons vir Suid Afrika moet bid: dat oraloor in ons dorpe en stede, in die luukse voorstede en in die arm plakkerskampe, op die myne en in die kantore, op die plase, op die kampusse van skole en universiteite, in die huise van al ons mense, monumente van vrede en versoening gebou moet word. Oral moet die swaarde ploegskare gemaak word! Hoe moet ons land lyk? Wat sou God se plan vir ons wees? Een van die heel mooiste definisies van God se vrede, die *sjalom* waarna ons almal hunker, word in Psalm 85 beskryf. Lees dit gerus!

*Vader, ons kom na u troon van genade toe, die plek waar liefde en vergifnis ontmoet en waar geregtigheid en vrede een word. Ons bid vir ons land, Suid-Afrika. Ons is voor U, ons lê ons swaarde neer en bid dat u vuur alle woede, haat, bitterheid, pyn en sonde sal kom verteer en reinig. Heilig ons met die vuur van u geregtigheid. Wil U ons woorde verander soos swaarde wat in ploegskare verander word sodat ons net woorde van vergifnis, liefde en genade sal spreek. Vul ons opnuut met 'n hoop op 'n beter Suid-Afrika. Herstel die droom van 'n reënboognasie waar almal in hierdie land in harmonie en gedeelde voorspoed sal kan leef. Ek roep uit en smag na u vrede, u liefde en genade vir mede-Suid-Afrikaners. Amen!*

# Jou mening maak saak.

Die kerkraad het verlede jaar 'n kort vraelysie aan die gemeente gegee om jul mening te vra. Daar was 3 vragies: "Wat is jou eerste gedagte tov Mosselbaai-Suid?";
"Wat sou jy wou sien moet verander?" en
"Watter bydrae kan jy lewer?"

Die vragies is verwerk deur kerkraadslede (nie deur onafhanklike ouditeure soos daar dikwels gesê word nie). By elkeen van die vrae is die 3 sake of antwoorde wat die meeste voorgekom het, vasgestel en daarvolgens hanteer die kerkraad dit nou verder.

1. "Wat is jou eerste gedagte tov Mosselbaai-Suid?"
   - die lidmate mis baie mede-gelowiges wat nie meer betrokke is nie.
   - tevrede met hoe dinge verloop ("hou dinge soos dit is").
   - waardering vir die predikante en hul bediening.

2. "Wat sou jy wou sien moet verander?"
   - meer hernuwing in bediening,
   - meer meelewing en beter kommunikasie
   - een erediens,







Vir al die *Pinksterkerke en die Charismatiese* kerke staan daar: "Al praat ek die tale van mense en engele, maar ek het nie die liefde nie, het ek 'n stuk klinkende metaal en 'n galmende simbaal geword".

Vir al die *Protestante* wat so klem lê op geloof en kennis en teologie en prediking, sê Paulus: "Al het ek die gawe van profesie en ken ek al die geheimenisse en besit ek al die kennis, en al het ek die geloof om berge te versit, maar ek het geen liefde nie, dan is ek niks".

En vir die *Rooms-Katolieke Kerk* met sy trotse tradisie van selfopoffering en diens, met al sy kloosters, beklemtoon die apostel: "Al gee ek al wat ek het aan ander uit, en al gee ek my liggaam prys om my daarop te beroem, maar ek het geen liefde nie, baat dit my niks".

Oom David, soos duisende mense hom in ons land leer ken het, het die spyker op die kop geslaan. In ons groot versoeningspoging het ons almal, al die lidmate van al die kerke in ons land 'n eie en unieke bydrae te lewer. Ons het mekaar se gawes en talente baie nodig.
Maar almal van ons moet onthou: niks is belangriker as die liefde nie! Die liefde wat ons vir die Here en vir mekaar het – en die liefde wat ons na ander uitstraal – sal bepaal of ons ooit by vrede en versoening gaan uitkom.

# *Gebedsbediening.*



Daar is so baie getuienisse van gemeentes of bedieninge wat vasgeloop geraak het. Dan het gelowiges begin om eendragtig te bid en die Here het 'n deurbraak gegee. Dit gaan nie noodwendig oor groot getalle nie. Dink aan Elia op Karmel wat man alleen gestaan het teenoor 450 Baal-profete.
Daar word gereeld saamgebid in kleingroepe. Dan is daar ook drie spesifieke gebedsgeleenthede. Santos Haven se biduur is Woensdae om 15:30. Daar is reeds 'n paar lidmate van buite (bv van Blombosch) wat van tyd tot tyd inskakel. Dinsdae om 17:15 is daar 'n groepie wat in die moederskamer by die kerk bid. En dan is die mans groep op Donderdae om 6vm in die saal 'n baie geseënde saamwees vir daardie klompie mans. Almal is welkom.
"Here, leer ons om te bid..." (Luk 11:1)

<u>1 Kor 13 vir die verskillende kerke (Pinkster, Protestant en Rooms Katoliek)</u>
(Uittreksel uit die 40-Dae-Gebedsgids vir versoening)

Dit was "Mister Pentecost", David du Plessis, die Suid-Afrikaans-gebore leier van die Wêreld-Pinksterbeweging, wat eenmaal opgemerk het: Dit lyk asof Paulus 1 Korintiërs 13 spesiaal vir die kerke in ons tyd geskryf het.



3. Watter bydrae kan jy lewer?"
    - betrek lidmate in alle fasette (lidmaatbemagtiging)
    - meer meelewing en kommunikasie
    - gemeente-saamwees-dinge (soos konsert, kuier en jeugaande)

Die kerkraad en predikante gee reeds aandag aan sommige sake, soos die een erediens, massa-sms'e om kommunikasie te verbeter en saam kuier soos die koffie drink na die diens. Daar word verder gewerk aan aksiestappe t.o.v. ander sake.

Dankie vir elkeen se deelname.





# Botswana uitreik

Ons vertrek binne twee weke na Botswana met 31 persone in ons span. Ons werk saam met die Dutch Reformed Church in Botswana, een van ons dogterkerke, en hierdie keer hoofsaaklik met bruin, Afrikaanssprekende mense in Werda, ongeveer 40km van die grens met Suid-Afrika. Die plaaslike predikant, Ds TC du Toit het te kenne gegee dat vroëe kinderontwikkeling 'n groot behoefte by hulle is. Ds TC se bedieningsgebied strek oor die 480km, en hy is baie opgewonde oor ons uitreik.
Ons uitreik het 4 bene:

1. **Tuisbesoeke** waar ons die evangelie bring.
2. **Uitreik na vroue**, waar ons spesifiek met vroeë kinderontwikkeling werk
3. **Uitreik na kinders**, met poppekas, speletjies , en die verkondiging van die evangelie deur die woordlose boekie.
4. **Die bou van 'n speelpark** – wat nie net goed is vir fisiese ontwikkeling nie, maar ook vir breinontwikkeling.

Die vraag word dikwels gevra: Waarom gaan verkondig ons die evangelie op ander plekke terwyl die nood hier so groot is. Daar is verskeie moontlike antwoorde. Die eerste is dat Jesus se opdrag in Hand 1:8 is om Sy getuies te wees - waar ons bly (Jerusalem), in die gebiede verder rondom ons (Judea en Samaria) en tot die uithoeke van die aarde. (In plekke waar daar nie genoeg ander gelowiges is om die evangelie te bring nie!) Ons hou wel uitreike plaaslik, en beplan in die afsienbare toekoms ook plaaslike betrokkenheid by vroeë kinderontwikkeling.



**Neels en Esmé Meyer** is in Bloemfontein, na ons hul 13 jaar lank ondersteun het in Indië. Neels is die operasionele bestuurder by Torings van Hoop, wat kos en werksverskaffing bied aan hawelose en arm mense in en om die middestad van Bloemfontein. Esmé het, soos in Indië 'n bediening gehad waar hulle uitgereik het na straatvroue. Vroue is oorreed om van die straat af te kom, en in te skakel by 'n groepie wat met naaldwerk hul maandelikse inkomste verdien.

Die projek het gegroei en was goed op dreef, alhoewel dit nog nie selfbetalend was nie. Die trustees van Torings van Hoop het die projek gestaak. Dit was 'n baie slegte tyd vir Esmé. Sy het bedank, en probeer haar bes om die vroue by ander werkgewers geholpe te kry. Vir beide van hulle is dit 'n tyd van afwagting en ons glo die Here sal vir hulle duidelike rigting vir die toekoms gee.

**Hugo en Jakkie Wolmarans** was voorheen in Egipte, en hulle werk nou met media oor die hele Arabiese wêreld. Hulle werk vanaf Engeland. Die daling van die Rand het 'n baie groot impak op hulle, aangesien al hul ondersteuning uit Suid-Afrika kom. Hugo en Jakkie moet ook in hierdie stadium groot besluite neem, maar dit sal voortydig wees om daaroor te berig. Julle kan maar net asseblief vir hulle bid vir leiding.

## Die **SENDELINGE** vir wie ons ondersteun

Die afgelope jaar was 'n moeilike tyd vir van ons sendelinge. Ek gee net verslag daaroor.

**Frans Boning** se vrou, Louie, is oorlede, en hulle het saam die bediening in Mosambiek bedryf. Dit is nie maklik om alleen in 'n vreemde kultuur te werk, sonder enige ondersteuning van 'n geliefde of selfs net mense van jou kultuur naby jou nie. Ons bly vir Frans bid vir wysheid oor die pad vorentoe.

**Louwrens en Jean van der Westhuizen** van KwaNgwanase in die Makhathini het die afgelope jaar die sëen van die Here op verskillende maniere in hul bediening beleef. Jong mense wat die Here met ywer dien, gemeentes wat in hul armoede verantwoordelikheid neem vir die bou van geboue, konferensies wat groot vrug dra, gelowiges wat groei in hul geloof- dit was regtig 'n geseënde jaar. In alles probeer die bose ook maar mense se spoed breek en hul moedeloos maak. Op die 31ste Mei is hulle deur 6 gewapende mans in hul huis oorval, en is Louwrens, Jean en Jean se ma van 91 jaar aangerand. Hulle het nie ernstige beserings opgedoen nie en na hul vasgebind is, is die rowers weg met hul voertuie, selfone, rekenaars en kontant. Bid saam met ons vir hulle bediening en hulle veiligheid!



In alles wat ons doen, bring ons ook die evangelie. Die grootste rede vir die bring van die evangelie in gebiede waar daar nie baie ander gelowiges is nie, is dat elkeen van julle hier is. Hier is genoeg kinders van die Here plaaslik, wat nie vir ander moet wag om die evangelie te bring nie, maar wat self getuies moet wees!

Enige ondersteuning vir die Botswana uitreik sal welkom wees. Bid in die eerste plek vir ons vir veiligheid, en vir dit wat die Here in ons elkeen en deur ons wil bereik. Bid elke dag dat die saad wat ons saai. sal ontkiem en vrug dra. Dit is egter nie ons werk nie, ons werk is om te saai. Dit is net die Heilige Gees wat die saad kan laat groei!


Julle kan ons ook ondersteun deur 'n kontantbydrae. Die speelpark gaan ongeveer R5000,00 kos, en ons sal graag nog donasies daarvoor wil kry. Ons is laasjaar bederf deur beskuit, koekies en ander lekkernye, ons tieners het altyd 'n hol kolletjie wat gevul moet word. Enige bydraes vir padkos sal ook waardeer word. Dankie vir die wonderlike ondersteuning wat ons met die Boemelaaraand en met die verkoop van die rosyne en perskes gekry het en nog kry. Ons waardeer dit regtig baie!



## BEDIENING BY LAERSKOOL PARK

Die Here gee vir ons gemeente 'n wonderlike voorreg om ten nouste met Laerskool Park te kan saamwerk op verskillende terreine. Die grootste bonus is dat ds Danie ook by die geestelike vorming van al die kinders betrokke kan wees. Hierin is ons ook vennote met Moedergemeente se predikante wat ook 'n oop deur het om hulle insette te lewer.

'n Groot geleentheid elke jaar is Hemelvaart wanneer Laerskool Park as geheel na ons kerkgebou stap en 'n erediens in ons kerkgebou beleef. Vir baie van die Graad 1 leerders is dit hulle eerste geleentheid om in 'n kerkgebou te kom en 'n erediens te beleef! Vir baie van die ouer kinders is dit 'n enkele geleentheid per jaar! Dit word opgevolg deur 'n week van Pinksterdienste in die skoolsaal. Vir 'n hele week word elke oggend 'n kindervriendelike boodskap en sang vir die kinders aangebied. Vanjaar se tema was: *"Die lewe is 'n 4x4 avontuur saam met God"*. 'n Pragtige temalied is aangeleer en die kinders sing dit dwarsdeur die jaar. Die onderwysers volg ook die boodskappe op in die lewens-orienteringprogram deur die jaar. Die geleentheid het 'n besliste impak op baie kinders se lewens en selfs ook op van die onderwysers.





Ds Danie is ook saam met Moedergemeente se jeugwerker, ds Henri en ds Pierie betrokke by 'n deurlopende waardeprogram in die skool. Dit behels 'n weeklikse periode met elke graadgroep waartydens 7 waardes uit die Woord by die kinders tuisgebring word en ingeoefen word. In die skoolgange is dan ook baniere met die waardewoorde en 'n dierefiguur daarop. Dit help om die kinders voortdurend bewus te hou dat hulle, hulle lewens volgens hierdie waardes moet inrig. Ds Pierie besoek die Graad R kinders, ds Danie die Graad 1 en 2 kinders, die jeugwerker die Graad 3 en 4 kinders en ds Henri die Graad 5, 6 en 7 kinders. Die sewe waardes wat uit die Woord oorgedra word is: omgee, respek, betroubaarheid, verantwoordelikheid, regverdigheid, volharding en goeie burgerskap. Die kinders word begelei om te verstaan dat hierdie waardes God se padwysers vir ons lewe is en dat 'n mens net gelukkig en voorspoedig kan wees as jy daarvolgens lewe. Deel van die skool se dissipline program is dat die kinders "Goeie Parkie" wapentjies dra om hulle te beloon vir goeie gedrag. Ons sluit daarby aan om vir hulle te leer dat 'n goeie Parkie omgee, respek betoon, verantwoordelik leef, betroubaar, verantwoordelik en regverdig is. Dit maak hulle dan outomaties goeie landsburgers soos die Here dit wil hê!

Op versoek van die skoolhoof het ds Danie ook nou al oor 3 jaar 'n spreekkamer by die skool. Wanneer onderwysers kinders in hulle klas identifiseer met probleme sien ds Danie hulle in die spreekkamer by die skool en raak ook soms by die ouers van die kinders betrokke om die probleme aan te spreek en te help oplos. Hierdie spreekkamer het al baie positiewe vrugte afgewerp en 'n klompie kinders kon ook al persoonlik tot geloofsekerheid begelei word. Die bande wat met die kinders gesmee word is van onskatbare waarde en is besig om ook positiewe vrugte af te werp met betrekking tot kinders wat nou al in die hoërskool is.
Kom ons bid saam dat die Here hierdie bediening by Laerskool Park sal seën en sal gebruik om sy koninkryk in kinders se lewens te laat kom! Die groot getal kinders wat geen christelike agtergrond het nie en bereik word, is 'n braakland vir die evangelie!